

---

---

# DIE APOSTOLIESE GELOOFSBELYDENIS [14]

No. E278

---

---

## IMPLIKASIES VAN DIE VIERDE KRUISWOORD

### In die Here Jesus se benoudheidskreet sien ons die verskriklikheid van sonde.

❑ Waar was daar ooit soveel haat saamgetrek op een plek soos daar op Golgota?

• Waar sien jy die mens se weersin in God meer as hier? Die skepsel vermoor sy Skepper!

Goed, miskien besef die mense nie dat hulle met die Seun van God te doen het nie. Maar was Sy persoon en leer en lewe nie deurgaans deurtrek van Godsteenwoordigheid nie? Het Hy nie dag in en dag uit die liefde van God in hulle midde uitgeleef soos niemand voor of na Hom nie? Het Hy nie oor en oor, op allerlei wyses, vir hulle gesê wie Hy is en wie Hy verteenwoordig nie?

Maar hulle kies Barabbas. En hulle dompel hul nageslag in die uiterste ellende. In hulle waansinnige haat en woede skreeu hulle: "Laat Sy bloed op ons en ons kinders kom!"

• Sonder twyfel is ook die Duiwel baie aktief op Golgota. En hierdie vierde kruiswoord is die mooiste woorde wat hy ooit gehoor het. Om te dink dat hy destyds in die paradys gedink het dat daar geen groter triomf as die mens se sondeval kan wees nie!

Maar terwyl hy sy hande selfvoldaan vryf, word sy lot onomkeerbaar en finaal verseël!

• Die volk en die duiwel se haat is egter niks

in vergelyking met 'n ander haat nie - 'n haat wat die Golgota-gebeure van A tot Z beheers. En niks beklemtoon hierdie haat soos die vierde kruiswoord nie. Ons praat van GóD se haat vir sonde.

Só vasbeslote is die Vader dat geen, maar géén sonde ongestraf sal bly nie, dat Sy innig-geliefde Seun plaasvervangend moet instaan vir die uitverkorenes. Daar is geen ander manier om hierdie begenadigdes te red nie, want nie 'n kriesel van hulle sondeskuld sal onder die mat ingevee word nie. Elke onsuiver motief, elke onbedagsame woord, elke selfsugtige daad van 'n honderd miljoen lewens, of baie meer, sal ten volle gestraf word. Waarlik, God is 'n God van volkome geregtigheid!

Hierdie vierde kruiswoord is 'n bloedstollende gil vanuit die diepste dieptes van die hel!

❑ O, as ons maar méér kan verstaan van hierdie Godshaat vir sonde! As ons maar 'n dieper insig kan verkry in die helse smarte wat God se geliefde Seun in ons plek moes verduur! As dit maar ons harte meer wil omdolwe en ons gemoedere meer beheers! 'n Beter oplossing vir 'n geflankeerdery met sonde is daar nie. As dít die prys is vir my verlossing, móét ek mos elke dag bid dat God my heilig sal maak soos Hy heilig is.

Daarenteen, kan daar iets méér veragteliks wees as om God te aanbid terwyl jy sonde soos 'n suiglekker in jou kies rondrol?

### In Jesus se benoudheidskreet sien ons die verskriklike lot van diegene wat op eie meriete die ewigheid binnegaan.

❑ Dis duidelik soos daglig: *As God Sy geliefde Seun nie gespaar het nie, sal hy jou en my mos nie laat wegkom as ons Sy genade-uitnodigings en bekeringsbevele in die wind slaan nie?* As die Seun so volkome deur die Vader verlaat is toe Hy sonde vir ons geword het, sal ek en jy vir altyd kan voortgaan om in die sonskyn van God se genadeguns te bak terwyl ons hand om die lyf loop

met opinies en gesindhede en praktyke wat God haat? (Hb 12:14).

Nee, nee! Moenie die verleiers glo wat - deur wat hulle sê, of nié sê nie - aan jou suggereer dat alles uiteindelik vir almal goed sal uitwerk nie. Helaas, hoeveel kansels is bereid om oor die verskrikkinge van God se ewige oordele te praat?

Ek kan hierdie huiwering verstaan. In ons mensgesentreerde wêreld is mense skaam vir 'n God van toorn. En dis mos lekker om 'n goedvoeltyding te bring: *Sing, sing stap ons hand aan hand, almal saam na die lekkerte van glimlagland!*

Maar ek durf nie so 'n eensydige en misleidende boodskap preek nie. My Koning het nie so 'n boodskap gepreek nie! Trouens, niemand in die Bybel het so dikwels teen die ewige verdoemenis gewaarsku as Hy nie. En wie het beter geweet as Hy?

Nee, daar is maar één manier om gered te word van dit wat jy deur en deur verdien - draai jou rug op sonde en vlug in geloofsvertroue vir tyd en ewigheid in Christus in. Dan, belowe God se Woord, sal jy beklee word met Christus se geregtigheid - Sý volkome gehoorsaamheid aan Sy hemelse Vader.

### In die Here Jesus se benoudheidskreet hoor ons 'n onontkombare roeping tot dankbaarheid en gehoorsaamheid.

❑ Lees mens die Nuwe Testament, kom jy gou-gou onder die indruk dat niks vir Jesus belangriker was as Sy kruiswerk nie. Ja, in Sy liefde moes Hy baie vreugde geput het uit Sy goeie werke - werke wat vir soveel duisende lewensverligting gebring het. En as God se groot profeet, was dit vir Hom baie belangrik om onvermoeid die mense te leer. *Maar in die eerste instansie het Hy as Verlosser gekom.* Hy sou nooit tevrede gewees het om bloot welriekende pleisters oor stinkende wonde te plak nie. Nee, Hy het gekom om ewige en volmaakte verlossing vir dermiljoene te bewerkstellig. En dit

kon net aan die kruis gebeur. *Jesus het gelewe om te sterf!*

As Sy versoeningsdood dan die Here Jesus se allererns was, en as die dieptepunt daarvan hierdie vierde kruiswoord was - hoedanig moet ons erns dan nie wees om die implikasies daarvan te omhels en uit te leef nie? Hoe hemelskreiend selfgesentreerd is dit nie om fluit-fluit verby dit te huppel nie? *As jy jouself 'n Christen noem, moet jy weet dat waarhede soos hierdie enorme verantwoordelikhede op jou stapel!*

❑ Dis nie dat ons kan of moet probeer vergoed nie. Genade kan ons nooit in die skuld by God dompel nie. Dit sou impliseer dat ons moet terugbetaal - en dan is dit nie meer genade nie.

Genade is per definisie guns wat betoon word aan iemand wat algeheel magteloos is om te kompenseer. Nee, Christus is óf 'n sondaar se volkome alleen-Redder, óf glad nie. Hy deel Sy eer met niemand nie!

❑ Maar daar is so iets soos integriteit en dankbaarheid - en die beloftes van loon vir gehoorsaamheid en getrouheid. As Hý so 'n prys betaal het om my van die ewige verdoemenis te red, dan is dit mos krimineel in die oortreffende trap as ek nie my hele lewe daaraan wy om Hom te behaag en te verheerlik nie. En as ek nie Sy beloftes met alles in my najaag nie, glo ek mos nie regtig nie.

Laat daar geen illusie oor wees nie: tot die mate wat ek hierdie waarhede begryp en aangryp, en tot die mate wat ek dit na waarde skat, tot daardie mate sal dit my lewe beheers.

**Christus was verlate sodat ons wat met hom verenig is nooit weer in die absolute sin verlate hoef te wees nie.**

❑ Tot 'n mindere of meerdere mate ken elkeen van ons eensaamheid en verwerping. En dis veral

in sulke tye dat mens stewig in die geloof daaraan moet vashou dat jy nie van Góð verlate is nie. Die grondoorsaak en rede daarvoor sit in hierdie vierde kruiswoord.

*Omdat Christus van God verlate was, sal diegene wat deur 'n ware geloof met Hom verenig is, tot in ewigheid nooit weer in die absolute sin van die woord alleen wees nie.*

Waarom nie?

- Kort na die Here Jesus se benoudheidskreet van verlatenheid, het Hy triomferend uitgeroep: "Dit is volbring!" (Jh 19:30). Dit is die vertaling van 'n enkele Griekse woord wat vir elke Christen onbeskryflik kosbaar is: *tetelestai*. Dis 'n woord wat uit die handelwêreld gekom het. As iemand geld geskuld het, en uiteindelik sy verpligting finaal nagekom het, het die skuldeiser hierdie woord dwarsoor die rekeningstaat geskryf - met die betekenis: *die skuld is ten volle vereffen!* So 'n gekanselleerde staat het dan as kwitasie gedien.

Dis wat Jesus hier met Sy sesde kruiswoord uitroep. *Al die sondeskuld van diegene vir wie Hy hier plaasvervangend ly en sterf, is afbetaal. Daar is niks uitstaande nie! Daar is geen skuld meer nie!*

- Dit beteken dat daar in beginsel niks, maar niks meer in die pad staan van volkome gemeenskap tussen God en diegene in Christus nie. Want dis sonde wat skeiding maak tussen die Here en sondaars (Jes 59:2). Van God verlate hóéf ons dus nooit weer te wees nie. Want al ons sondeskuld, elke kriesel daarvan, is betaal. In God se boeke het ons wat gereverdig is, die status van mense wat nooit gesondig het nie.

- Tog voel mens wel soms van God verlate, nie waar nie. Want soms beproef die Here ons geloof deur die beleving van Sy teenwoordigheid te onttrek. En natuurlik, dikwels is dit wel die gevolg van sonde - al is dit net die sonde van kleingeloof.

Maar dan hoef 'n geregverdigde wat met Christus verenig is net die sonde in opregtheid te bely, en die beleving van gemeenskap met die Here word gou-gou herstel.

Dis soos 'n man en 'n vrou wat 'n uitval het. Hulle is dan skaamkwaad en ongemaklik in mekaar se geselskap. Maar hulle bly getroud. En al wat nodig is om die genot van hulle liefdesverhouding te herstel, is die selfvernederende apologie.

## 'N LAASTE TROOSWOORD

❑ Die Here se wanhoopskreet was 'n vraag: "Waarom het U My verlaat?" Toe Hy in die paradys aankom, was die eggo's daarvan dalk nog hoorbaar. Het Hy 'n antwoord op hierdie vraag gekry?

- Wat tref die Here Jesus in die hemel aan as Hy daar aankom? Ek kan my verbeel: ontelbaar baie Ou Testamentiese heiliges met feesbaniere langs die strate wat Hom vol dankbare blydskap verwelkom. Hy het hulle verlossing so pas gefinaliseer. Ja, ook hulle is soos Abraham destyds deur die geloof alleen geregverdig (Rm 4:3). Tog sê die Skrif dat hulle sondes tydens die ou bedeling "tydelik ongestraf" gebly het (Rm 3:25). Dit moes wag vir Christus om die straf te kom dra - om God se toorn finaal te kom bevredig.

Die Seun moes van God verlate wees om dus hulle verlossing eens en vir altyd tot vervolmaking te bring. En presies net dit het Hy gedoen.

- Maar natuurlik, toe die Seun aan die kruis van God verlate was, was daar dermiljoene toekomstige mense wie se verlossing Hy óók moes verseël. En ook dit het Hy volmaak en onomkeerbaar gedoen.

❑ Kan ons peil trek op iets wat tweeduisend jaar gelede gebeur het? Het die onbeskryflike smarte van die Seun bewerkstellig wat dit moes? Was dit

nie dalk tevergeefs nie?

Mens sou sekerlik lank kon antwoord op hierdie kort, maar lewensbelangrike vraag. Maar kom ons sluit af met iets wat ons net weer herinner dat ons te doen het met die ewige God - die Een in wie se raadsplan een dag soos 'n duisend jaar is en 'n duisend jaar soos een dag, die Een wie se Woord 'n geïntegreerde en algeheel betroubare eenheid is.

Die eeue-oue Psalm wat Jesus in Sy vierde kruiswoord aanhaal, sluit wonderlik vertroostend af. Psalm 22:23-32 beskryf die verlossingsvreugde en ewige sekuriteit van God se begenadiges. En dan eindig die Psalm, wat begin met "My God, my God, waarom het U my verlaat?", met 'n enkele Hebreeuse woord - vertaal met, "Hy het dit gedoen!" (OAV).

*En dan kom die Septuaginta - die Griekse vertaling van die Ou Testament - eeue later, maar tog ook meer as twee eeue vóór die Here Jesus se kruisdood, en vertaal hierdie enkele Hebreeuse woord met 'n enkele Griekse woord: "tetelestai!" (die sesde kruiswoord!).*

**Nico van der Walt**

- Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in meer as 'n halfdosyn lande in Afrika suid van die ewenaar.
- Subskripsies, adresveranderings, kansellاسies en korrespondensie: Postnet Suite No.148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115, Suid-Afrika. E: [nico.vanderwalt@reformed.org.za](mailto:nico.vanderwalt@reformed.org.za) ; Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.
- Blogs: [www.e-preke.blogspot.com](http://www.e-preke.blogspot.com) (met skakels na nóg 4 blogs)
- Weekliks word 'n preek/studiestuk soos hierdie wêreldwyd en gratis in Afrikaans en Engels per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.
- Geen kopiereg. Dupliseer of preek gerus. Of stuur elektronies verder.
- Preekopnames: E: [info@nunide.org.za](mailto:info@nunide.org.za) ; T: 012-808 3906